

► **NMG Umbrella SmartFund**
Opsies wanneer jy die fonds verlaat

► Inhoud

1. Hoe jou voordeel in die fonds gestruktureer word	3
2. Opsies wanneer jy weggaan by jou werkgever	4
3. Hierdie afdeling is slegs van toepassing op sekere lede van die NMG Umbrella Smartfund (voorsorgafdeling) wat nie onderhewig is aan die tweepotstelsel nie	9
4. Die maak van 'n besluit en vorms	9
5. Verkry advies	10



Fondsbesonderhede

Fondsname:

NMG Umbrella SmartFund (pensioenafdeling)
NMG Umbrella SmartFund (voorsorgafdeling)

FSCA-registrasienommer:

NMG Umbrella SmartFund (pensioenafdeling) – 12/8/36758/1
NMG Umbrella SmartFund (voorsorgafdeling) – 12/8/36750/1

Geregistreerde kantoor:

9de vloer, Ameshoffstraat 19, Braamfontein,
Johannesburg, 2001 Suid-Afrika
Telefoon 0861 222 588
E-pos: queriesrfa@nmg.co.za

1. Hoe jou voordeel in die fonds gestruktureer word

As jou diens beëindig word, byvoorbeeld jy bedank, jy word afgelê of jy word ontslaan, sal jy sekere keuses moet maak.

Eerstens, dit is belangrik dat jy verstaan hoe jou voordeel in die fonds gestruktureer is. Jou voordeel bestaan uit verskillende potte, soos volg:

	Gevestigde Pot	Spaarpot	Aftreepot
Wat is dit?	Hierdie pot hou netto bydraes tot die fonds tot 1 September 2024 en die netto beleggingsopbrengs daarop.	Vanaf 1 September 2024 het 'n deel van jou aftreespaargeld, spesifiek 10% van wat jy teen 31 Augustus 2024 gespaar het, in die spaarpot ingegaan, maar dit kon nie meer as R30 000 wees nie. Hierdie pot hou ook een derde van die netto bydraes vir jou gemaak tot die fonds vanaf 1 September 2024 en die netto beleggingsopbrengs daarop. As jy spaargeld onttrek het uit jou spaarpot terwyl jy gewerk het, sou dit uit hierdie pot gekom het, en die pot sal minder geld inhê.	Hierdie pot hou tweederdes van die netto bydraes vir jou gemaak tot die fonds vanaf 1 September 2024 en die netto beleggingsopbrengs daarop.
Hoe word dit uitbetaal?	Die voordeel in die gevestigde pot kan as kontant uitbetaal as jy bedank, afgelê word of ontslaan word. By aftrede sal die voordeel in die gevestigde pot as kontant en as 'n pensioeninkomste uitbetaal.	Hierdie pot kan as kontant uitbetaal by onttrekking AS (a) jy nie geld uit jou spaarpot geneem het in dieselfde belastingjaar as wat jy uit die fonds onttrek nie, OF (b) as jy geld uit jou spaarpot geneem het in daardie belastingjaar maar die bedrag in die spaarpot minder as R2 000 is.	Hierdie pot kan slegs as inkomste uitbetaal wanneer jy aftree. Dit betaal nooit uit as diens beëindig word nie. Jy kan nie die geld in hierdie pot gebruik totdat jy jou normale aftree-ouderdom bereik het nie. Wanneer jy aftree, moet al die geld in die aftreepot gebruik word om 'n pensioen by 'n versekeringsmaatskappy te koop. Hierdie pensioen sal jou gereelde betalings vir die res van jou lewe gee nadat jy afgetree het.

Belangrike nota:

- As jy ná 1 September 2024 vir aftrede begin spaar het, het jy moontlik nie 'n gevestigde pot nie.

Slegs indien:

- Jy lid was van die NMG Umbrella SmartFund (voorsorgafdeling) op 1 Maart 2021, **en**
- Jy op daardie stadium 55 of ouer was, **en**
- Jy gekies het om nie deel te wees van die tweepotstelsel nie,

dan het jy net **een pot – die gevestigde pot** – en daar is ander reëls wat op jou van toepassing is wanneer jy onttrek oor hoeveel jy kan neem as kontant of as 'n pensioeninkomste. **Jy kan kies om jou hele onttrekkingsvoordeel in kontant te neem wanneer jy aftree (die hele bedrag in jou gevestigde pot is gevestig).**

Jou onttrekkingsvoordeelopsies bly dieselfde as dié wat hier onder uiteengesit is (let wel asseblief, jy het slegs die gevestigde pot).

Geen verdeling van potte nie

Daar is 'n belastingwet wat sê dat jy, wanneer jou diens beëindig, nie party potte in die fonds kan los en party potte uit die fonds kan skuif nie. Jy moet (nadat jy gekies of jy enige kontant wil neem) al jou potte in die fonds los of hulle almal uit die fonds skuif.

2. Opsies wanneer jy weggaan by jou werkgever

As jy bedank het, afbetaal is of ontslaan is, sal jy 'n keuse moet maak oor wat jy met jou voordeel in die aftreefonds wil doen. Die opsies is soos volg:

1	2	3	4	5
Hou jou voordeel opbetaald in die fonds.	Skuif jou voordeel na 'n bewaringsfonds.	Skuif jou voordeel na jou nuwe werkgever se fonds.	Dra jou voordeel oor na 'n uittree-annuïteitsfonds.	Neem 'n deel van jou voordeel as kontant.

2.1 Opsie 1: Hou jou voordeel opbetaald in die fonds.

As jy nie 'n keuse skriftelik uitoefen van waarheen jou voordeel betaal moet word nie, sal dit in die fonds bly as 'n opbetaalde voordeel totdat jy vir die fonds sê wat jy met jou geld wil doen.

2.1.1 Hoe dit werk

Terwyl jy 'n opbetaalde lid van die fonds is:

- Jy kan nie verdere bydraes tot die fonds maak nie.
- Jy sal (een keer elke belastingjaar) toegang hê tot jou spaarpot, as jy ten minste R2 000 in jou spaarpot het. Dit sal belas word volgens jou grensbelastingkoers.
- As jy 'n huislening by jou bank uitgeneem het en jou geld in die fonds as waarborg gebruik, sal die uitstaande bedrag van jou voordeel afgetrek word wanneer jy jou werk verlaat. Die oorblywende bedrag in die fonds sal opbetaald gemaak word.
- Jou sterftevoordeel is jou voordeel in die fonds – daar is geen versekerde voordeel nie. Indien jy nie skriftelik by die fonds gekies het hoe jy wil hê jou voordeel moet uitbetaal nie, vereis die wet dat die voordele aan jou afhanklikes en genomineerdes betaal moet word en nie outomaties in jou boedel moet ingaan nie.

2.1.2 Beleggings

Die voordele van opbetaalde lede word belê in die SmartActive Life Stage-model. Die SmartActive Life Stage-model sal begin belê in minder aggressiewe beleggingsportefeuljes vanaf 58-jarige ouderdom.

2.1.3 Onttrekkings

As jou voordeel opbetaald gemaak is, kan jy nog steeds uit die fonds onttrek voor jou aftrede deur jou keuse skriftelik uit te oefen. Jy sal dan dieselfde opsies hê as wat jy gehad het op die stadium wat jy diens verlaat het. Jy sal die fonds skriftelik op 'n onttrekkingseisvorm in kennis moet stel van jou keuse.

2.1.4 Koste

Die diensfooi vir opbetaalde lede is tans gestel op 0,25%, BTW uitgesluit, van bates per jaar, met 'n maksimum maandelikse fooi van R40, BTW uitgesluit. Die beleggingsfooi word uitgewerk op dieselfde grondslag as die fooi vir die SmartAssets-portefeuljes vir aktiewe fondslede. Die fooi is in die fonds se beleggingsboekie. 'n Bestuursfooi is betaalbaar, en dit verander elke jaar na gelang van die kostes van die fonds. Daar sal ook 'n fooi wees as jy besluit om 'n spaaronttrekking uit jou spaarpot te doen.

2.2 Opsie 2: Jy kan jou voordeel na 'n bewaringsfonds skuif.

Met hierdie opsie kies jy om jou aftreefondsvoordeel na 'n bewaringsfonds van jou keuse te skuif, sonder om enige belasting op die voordeel te betaal. Jy sal dalk finansiële advies moet kry om toegang tot 'n bewaringsfonds te kry en jy moet jou finansiële adviseur oor die belastingreëls ten opsigte van bewaringsfondse vra.

2.2.1 Hoe dit werk

Jou potte sal “soos dit is” na die bewaringsfonds geskuif word. Dit beteken dat jou gevestigde pot, spaarpot en aftreepot in die fonds soos hulle is na die bewaringsfonds geskuif word. Jy sal al jou potte na die bewaringsfonds moet skuif.

In 'n bewaringsfonds:

- Jy kan nie bydraes tot die fonds maak nie.
- Jy kan een keer toegang kry tot jou gevestigde pot voordat jy aftree. Jy kan die hele bedrag in die gevestigde pot neem, of minder. Dit sal onder die enkelbedrag-onttrekkingsbelastingtabelle belas word.
- Jy sal (een keer elke belasting jaar) toegang hê tot jou spaarpot, as jy ten minste R2 000 in jou spaarpot het. Dit sal belas word volgens jou grensbelastingkoers.
- Jy sal nie toegang hê tot jou aftreepot totdat jy aftree nie (of wanneer jy sterf).

2.2.2 Beleggings

Jy sal waarskynlik beleggingsbuisaamheid hê. Bewaringsfondse laat lede tipies toe om beheer uit te oefen oor waar hulle aftreevoordeel belê word.

2.2.3 Koste

'n Bewaringsfonds het dalk nie die voordeel van skaalekonomieë soos in die sambreelfonds of in jou nuwe werkgewer se fonds nie, wat kan lei tot hoër beleggingsfooie en administrasiekoste.

2.2.4 Onttrekkings

Bewaringsfondse laat jou toe om een onttrekking uit jou gevestigde pot te neem as jy op 'n later stadium noodspaargeld nodig het, maar slegs as jy nie 'n deel as kontant geneem het toe jy diens verlaat het nie. Jy kan jou hele gevestigde pot of 'n deel daarvan neem in hierdie eenmalige onttrekking. Dit is belangrik om te onthou dat as jy hierdie een onttrekking neem, dit jou aftreespaargeld sal verminder, en jy sal belasting moet betaal op enige kontant wat jy uit die bewaringsfonds neem in ooreenstemming met die enkelbedrag-onttrekkingsbelastingtabelle. Dit sal ook die belastingvrye bedrag waarop jy geregtig sal wees wanneer jy aftree, verminder.

As enige aftrekkings gemaak word voordat jy na 'n bewaringsfonds oorgaan (byvoorbeeld vir 'n huislening), sal daardie aftrekking jou eenmalige onttrekking uit die gevestigde pot wees, en jy sal nie meer geld uit die bewaringsfonds se gevestigde pot kan neem voordat jy aftree nie. Die enigste aftrekkings wat nie as 'n eenmalige onttrekking sal tel nie, is dié wat gemaak word vir egskeidingsbevel- of onderhoudsbevelbetalings.

As jy uit die fonds onttrek, kan jy besluit om van jou voordeel in kontant te neem en die res na 'n bewaringsfonds, uitree-annuïteitsfonds of jou nuwe werkgewer se fonds oor te dra. Die administrateur sal die kontantgedeelte van die nie-gevestigde gedeelte van jou gevestigde pot aftrek. Dit beteken dat jy meer kontant beskikbaar sal hê om te neem wanneer jy aftree uit die fonds waarheen jou voordeel oorgedra is. Die gevestigde gedeelte van jou voordeel is 'n bedrag wat jy as kontant kan neem wanneer jy aftree (selfs as jy dit na 'n ander fonds oordra).

Hierdie opsie sal vereis dat jou voordeel uit die mark onttrek word en na die bewaringsfonds se beleggings oorgedra word.

As jy nie 'n gevestigde pot in die aftreefonds het nie (byvoorbeeld as jy eers ná 1 September 2024 by die fonds aangesluit het), dan sal jy nie 'n gevestigde pot in die bewaringsfonds hê nie. Aangesien jou een onttrekking slegs uit die gevestigde pot toegelaat word, is 'n bewaringsfonds 'n minder aantreklike opsie. Jy moet met jou finansiële adviseur hieroor praat voordat jy 'n keuse maak.

Bewaringsfondse sal jou toelaat om 'n spaaronttrekking uit jou spaarpot in die bewaringsfonds te neem een keer elke belastingjaar, solank jy ten minste R2 000 in jou spaarpot het. Hierdie bedrag sal belas word volgens jou grensbelastingkoers.

2.3 Opsie 3: Skuif jou voordeel na jou nuwe werkgever se fonds.

Jy kan jou aftreespaargeld na jou nuwe werkgever se fonds oordra sonder om belasting te betaal.

2.3.1 Hoe dit werk

Jou potte sal “soos dit is” na jou nuwe werkgever se fonds geskuif word. Dit beteken dat jou gevestigde pot, spaarpot en aftreepot in die fonds soos hulle is na jou nuwe werkgever se fonds skuif. Nadat jy enige kontant geneem het, sal jy al jou potte na jou nuwe werkgever se fonds moet skuif.

- Jy sal toegang hê tot jou spaarpot in jou nuwe werkgever se fonds (een keer elke belastingjaar), as jy ten minste R2 000 in jou spaarpot het. Dit sal belas word volgens jou grensbelastingkoers.
- Jou voordeel sal in jou nuwe werkgever se fonds ingesluit wees totdat jy jou nuwe werkgever verlaat. Wanneer jy jou nuwe werkgever se fonds verlaat, sal jy toegang hê tot jou gevestigde pot en miskien jou spaarpot, maar nie jou aftreepot nie. Jy sal nie toegang hê tot jou aftreepot totdat jy aftree nie (of wanneer jy sterf). Enige kontant geneem uit jou gevestigde pot sal belas word volgens die enkelbedrag-onttrekkingsbelastingtabelle, en kontant uit jou spaarpot sal teen jou grensbelastingkoers belas word.
- Jou voordeel sal in jou nuwe werkgever se fonds moet bly tot, onder andere, aftrede of tot jy daardie fonds verlaat omdat jou diens tot 'n einde kom.
- Maak asseblief seker dat jy die beskikbare voordele van jou nuwe werkgever se fonds verstaan.

Daar word aanbeveel dat jy finansiële advies kry, maar dit is nie verpligtend nie.

2.3.2 Beleggings

Jy moet vir jou nuwe werkgever se fonds vra waar jou aftreefondsvoordeel belê sal word en of daardie fonds jou 'n keuse gee van waar om jou voordeel te belê.

Hierdie opsie sal vereis dat jou voordeel onttrek word uit die mark en na jou nuwe werkgever se fondsbeleggings oorgedra word.

2.3.3 Koste

Jy moet kyk wat die kostes is in jou nuwe werkgever se fonds, soos administrasie- en beleggingsfooie.

2.4 Opsie 4: Dra jou voordeel oor na 'n uittree-annuïteitsfonds.

Jy kan jou voordeel in die fonds belastingvry na 'n uittree-annuïteitsfonds oordra. Jy sal dalk finansiële advies moet kry om toegang tot 'n uittree-annuïteitsfonds te kry. Nadat jy enige kontant geneem het, sal jy al jou potte na die uittree-annuïteitsfonds moet skuif.

2.4.1 Hoe dit werk

Jou potte sal “soos dit is” na die uittree-annuïteitsfonds geskuif word. Wanneer jy jou voordeel uit die fonds na 'n uittree-annuïteitsfonds skuif, word dit nie belas nie.

- As jy verdere bydraes wil maak, kan jy op 'n belastingdoeltreffende manier bydra tot die uittree-annuïteitsfonds.
- Stel asseblief by die uittree-annuïteitsfonds vas watter voordele beskikbaar is by die uittree-annuïteitsfonds, veral enige bedrae wat voor aftrede onttrek mag word.
- Wanneer jy aftree uit 'n uittree-annuïteitsfonds, hang die bedrae wat jy toegelaat word om as kontant of as 'n pensioen/annuïteit te neem af van wat gevestig of nie-gevestig is.
- Jy sal moet kyk na die reëls van die uittree-annuïteitsfonds om te sien tot watter voordele jy toegang het voor aftrede.

2.4.2 Beleggings

Jy sal waarskynlik 'n groot mate van beheer hê oor jou beleggings in die uittree-annuïteitsfonds en sal toegelaat word om beleggingsportefeuljes te ruil, maar maak seker daarvan.

2.4.3 Koste

Jy sal moet kyk watter kostes van toepassing is op die uittree-annuïteitsfonds.

2.5 Opsie 5: Neem 'n deel van jou voordeel as kontant.

Jou voordeel bestaan uit verskillende potte. Jy kan kies om kontant te neem uit hierdie potte soos volg:

	Gevestigde Pot	Spaarpot	Aftreepot
Wat is beskikbaar?	Jou gevestigde pot sluit enigiets in wat jy voor 1 September 2024 in die fonds gespaar het plus beleggingsopbrengs daarop. Jy kan kies om alles in jou gevestigde pot as kontant te neem.	Jy kan kies om alles in die spaarpot as kontant te neem as jy nie alreeds 'n spaarpot-onttrekking uit jou spaarpot in hierdie belastingjaar gedoen het nie. Indien jy reeds in hierdie belastingjaar 'n spaaronttrekking uit jou spaarpot gedoen het, mag jy slegs kontant neem indien jou spaarpot onder R2 000 is.	Niks van die aftreepot mag as kontant aan jou betaal word nie. Hierdie bedrag is slegs beskikbaar as 'n annuïteit wanneer jy aftree.
Belasting	Dit word onder die enkelbedrag-onttrekkingsbelastingtabelle belas.	As jy kies en toegelaat word om kontant uit jou spaarpot te neem, sal dit teen jou grensbelastingkoers belas word.	Nie van toepassing nie.

2.5.1 As jy geld as kontant uit die fonds neem, is dit minder waarskynlik dat jy genoeg geld sal hê om af te tree

As jy kies om 'n deel van jou voordeel as kontant te neem, sal jy weer van vooraf vir jou aftrede moet spaar en sal jy dalk nie kan bybly met jou langtermyn- finansiële doelwitte nie. Dit word sterk aanbeveel dat jy jou voordeel vir die oorspronklike doel daarvan bewaar, naamlik om jou van 'n inkomste te voorsien wanneer jy aftree.

Statistiek wys deurgaans dat baie min Suid-Afrikaners genoeg geld gespaar het om vir hulle die inkomste te gee wat hulle vir hulle aftrede nodig het en dit is, in baie gevalle, omdat lede kontant uit die fonds geneem het voor aftrede.

In 2024 is die staatspensioen R2 180 per maand, wat beteken dat jy nie tydens jou aftrede op 'n staatspensioen kan staatmaak nie. Jy sal op jou eie spaargeld moet staatmaak, en veral geld wat jy spaar deur jou werkgewer se aftreefonds, om jou te ondersteun wanneer jy aftree.

Baie Suid-Afrikaners word gedwing om vroeër af te tree as wat hulle beplan het, hulle lewe langer (en het dus vir langer ondersteuning nodig) en inflasie eis ook sy tol. As jy dieselfde lewenstandaard wil handhaaf wanneer jy aftree as toe jy gewerk het, het jy 'n redelike groot bedrag geld nodig. As jy kontant uit die fonds neem, sal dit jou nie help om gerieflik af te tree nie.

2.5.2 Belasting

Die fonds sal belasting van jou voordeel aftrek voordat dit aan jou betaal word.

Enige geld wat jy as kontant uit jou gevestigde pot neem, sal belas word volgens die belastingtabelle wat op daardie stadium van toepassing was. Daar is verskillende belastingtabelle, byvoorbeeld vir as jy van werk verander in teenstelling met wanneer jy afgelê word. Dit word hier onder uiteengesit.

As jy 'n onttrekkingsvoordeel uit jou gevestigde pot as kontant neem, sal jy minder geld hê om belastingvry as kontant te neem wanneer jy aftree.

Dit is die belastingtabel wat toegepas sal word wanneer jy kontant uit jou gevestigde pot neem:

Bedrag geld wat as kontant geneem word wanneer jy van werk verander	Belastingkoers
R 0 – R 27 500	0%
R 27 501 – R 726 000	18%
R 726 001 – R 1 089 000	27%
R 1 089 001 +	36%

Bedrag geld wat in kontant geneem word wanneer jy afgelê word	Belastingkoers
R 0 – R 550 000	0%
R 550 001 – R 770 000	18%
R 770 001 – R 1 155 000	27%
R 1 155 001 +	36%

Bogenoemde R550 000 van belastingvrye voordeel is van toepassing oor jou leeftyd. Byvoorbeeld, as jy 'n belastingvrye, kwalifiserende aflegging ervaar voordat jy aftree, sal jy minder (of niks) belastingvry moet neem wanneer jy aftree.

Enige geld wat jy as kontant uit jou spaarpot neem, sal volgens jou eie grensbelastingkoers belas word.

Jy mag nie enige bedrag as kontant uit jou pensioenfonds neem nie.

3. Hierdie afdeling is slegs van toepassing op sekere lede van die NMG Umbrella Smartfund (voorsorgafdeling) wat nie onderhewig is aan die tweepotstelsel nie

As jy lid van die NMG Umbrella SmartFund (voorsorgafdeling) is en jy op 1 Maart 2021 lid van die fonds was en op daardie datum 55 jaar of ouer was, is daar ander feite waarvan jy bewus moet wees.

As jy so 'n lid is en voorheen gekies het om deel te wees van die tweepotstelsel en jy onttrek uit die fonds (nie aftree nie), het jy dieselfde opsies om die fonds te verlaat soos hierbo beskryf. Dit word egter aanbeveel dat jy met 'n finansiële adviseur praat voordat jy dit doen, gegewe hoe naby jy moontlik aan aftree-ouderdom is.

As jy so 'n lid is en voorheen gekies het om **nie** deel te wees van die tweepotstelsel nie (**wat die verstekposisie is as jy nie 'n keuse gemaak het nie**), het jy verskillende opsies om die fonds te verlaat en moet jy asseblief verwys na die kommunikasie “Opsies vir onttrekking vir lede wat nie onderhewig is aan die tweepotstelsel nie” en hierdie kommunikasie ignoreer. As jy hierdie kommunikasie verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die fondsadministrateur in kennis per e-pos by queriesrfa@nmg.co.za of telefonies 0861 222 588.

4. Die maak van 'n besluit en vorms

Die fonds voorsien jou van toegang tot aftreevoordeelberading. Dit is wanneer jy die fonds verlaat en die fonds die opsies wat vir jou beskikbaar is, vir jou gee en verduidelik. Aftreevoordeelberading is nie dieselfde as advies nie.

Hierdie dokument is aftreevoordeelberading. Dit is nie advies nie en dit is nie belastingadvies nie.

Jy kan inligting oor die fonds kry op die fonds se aanlynportaal, <https://www.adminportal.nmg.co.za/>. Jy kan ook inligting kry by jou menslike hulpbron- of salarisafdeling.

Jy kan met jou menslike hulpbron- of salarisafdeling praat om jou in aanraking te bring met jou fondskonsultant as jy nog hulp nodig het met inligting oor die fonds en jou opsies.

Wanneer jy jou besluit gemaak het, moet jy 'n onttrekking-eisvorm invul (te kry by jou menslike hulpbron- of salarisafdeling) en moet jy dit vir jou werkgever gee om die fonds in kennis te stel. As jy wil hê dat jou voordeel oorgedra moet word na 'n bewaring- of uittree-annuïteitsfonds moet jy die aansoekvorm vir daardie fonds aanheg. Dit is belangrik om die eisvorm so gou as wat jy kan voordat of wanneer jy jou werkgever verlaat, in te gee.



5. Verkry advies

Voordat jy 'n besluit oor jou opsies maak wanneer jy die fonds verlaat, is dit 'n goeie idee om advies te kry by 'n geregistreerde finansiële adviseur.

'n Deskundige adviseur kan jou help om jou finansiële doelwitte te bereik. Hulle kan jou help om 'n padkaart te skep sodat jy objektiewe en onemosionele besluite oor geldkwessies kan neem. Hulle kan jou ook help verstaan of jy finansiël op die regte spoor is en, indien nie, hoe om die meeste uit jou swaarverdiende geld te kry.

'n Finansiële adviseur behoort jou met jou algemene finansiële beplanning te kan help – byvoorbeeld om 'n begroting op te stel, die tipes beleggings te kies wat vir jou sal werk, met belasting- en boedelbeplanning en om seker te maak dat jy genoegsaam verseker is.

Jy het moontlik groepversekeringsvoordele deur jou fonds of werkgewer wat nie beskikbaar sal wees as jy die fonds verlaat nie. Party versekeringspolisse gee jou die opsie om aan te hou met die dekking wat jy gehad het toe jy gewerk het deur dit te verander na 'n individuele polis sonder dat jy mediese bewyse van goeie gesondheid hoef te lewer. 'n Finansiële adviseur sal jou hiermee kan help.

'n Finansiële adviseur sal jou kan help as jy advies nodig het of as jy jou voordeel na 'n bewaringsfonds of aftree-annuïteitsfonds wil oordra.

Jy kan enige finansiële adviseur kies. As jy graag met 'n finansiële adviseur van NMG wil praat, kontak asseblief die NMG-kantore by hierdie nommers:

Johannesburg (foon) (27) 11 509 3000

Kaapstad (foon) (27) 21 943 1800

Durban (foon) (27) 31 566 2133

Port Elizabeth (foon) (27) 41 397 3400

Jy kan ook 'n e-pos stuur na finplanning@nmg.co.za om die NMG- finansiële adviseurs te kontak.



NMG Employee Benefits (Pty) Ltd – FSP 33426 – maatskappyregistrasienr:

2007/025310/07

NMG Consultants and Actuaries Administrators (Pty) Ltd – FSP 33424 – maatskappyregistrasienr:

1993/07696/07

NMG Consultants and Actuaries (Pty) Ltd – FSP 12968 – maatskappyregistrasienr:

1979/001308/07

Hierdie kommunikasie is nie advies of belastingadvies nie en is nie, onder die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 'n voorstel of 'n persoonlike aanbeveling of riglyn nie en dit is ook nie 'n aanbeveling ten opsigte van enige finansiële produk of diens nie. Die fondse, hulle administrateur en hierdie entiteite se beamptes neem nie aanspreeklikheid vir enige aksie wat jy neem of enige verlies wat jy ly vanweë hierdie kommunikasie nie, aangesien jy advies moet kry by 'n geregistreerde finansiële adviseur sodat jou eie omstandighede in aanmerking geneem kan word. Daarbenewens kry die fondse se geregistreerde reëls altyd voorkeur as daar teenstrydigheid tussen die reëls en hierdie kommunikasie is.



Finding a Better Way

NMG Benefits is 'n adviserende finansiële firma wat onbevooroordeelde advies verskaf, mededinging in die bedryf bevorder en komplekse finansiële sake vereenvoudig. Ons wêreldwye omvang, aangedryf deur eie insigte en slim tegnologie, stel ons in staat om innoverende oplossings aan ons kliënte en lede te lewer.

Gesondheidsorg | Aftrede | Belegging | Finansiële beplanning | Aktuarieel | Versekering